"Strongarm is 'n wenner teen onkruid by soja- en grondbone," sê produsente

DRIES SONNEKUS, NAMENS DOW AGRO-SCIENCES SOUTHERN AFRICA (EDMS) BPK

Strongarm 840 WG (Reg. Nr. L 8667), die selektiewe onkruiddoder van Dow AgroSciences geregistreer vir gebruik op soja- en grondbone, het sy eerste en tweede seisoen se spuit op produsente se landerye met vlieënde vaandels geslaag. Produsente wat dit gebruik het, het net lof vir Strongarm se deeglike werking om selfs van die hardnekkigste onkruid ontslae te raak.

Strongarm 840 WG is geregistreer vir vooropkomsbeheer in tenkmengsels met sekere grasdoders vir die beheer van eenjarige grasse, breëblaaronkruide en, onder sekere toestande, ook geeluintjies.

Mnr Japie Grobler van Karookom, Bothaville, oud-president van Agri SA, is net so tevrede met Strongarm op sy grondbone. "Op ons groot blok is dit silwerskoon. Strongarm werk beslis," sê hy.

Sy seun, Philip, is die man op die lande. "Ons het alles met Strongarm bespuit. Dit werk uitstekend. 'n Mens sien die verskil duidelik waar die spuit gemis het of 'n baan oorgeslaan is. Waar nie gespuit is nie en later geskoffel moes word, vertoon die grondbone baie swakker as waar gespuit is."

"Strongarm is 'n wenproduk," sê mnr Zakkie Steyn van Bothaville. Hy het 'n verwerkingsaanleg op sy plaas waar grondbone onder die handelsmerk Peanut Bear gegradeer en verpak word. Hy voer keurgraadgrondbone uit na die VSA.

"Iemand sê anderdag hy wens hulle wil 'n glifosaat-weerstandbiedende grondboon op die mark bring. Ek dink nie dit is nodig nie – ons het dan Strongarm; dít is die oplossing. Onkruidbeheer is net soveel beter. Wat dit merkwaardig maak, is dat dit so lank gewerk het nadat ons ontsettend baie reën gehad het. Ons het kort ná spuit reën gekry en dan werk dit veral soos 'n bom.

"Waar dit nie gereën het nie, kom onkruid deur. Daaraan kan jy niks doen nie. Op een plaas het die spuit leeg geraak en deur die land gery. Daar kon ek sien hoe goed Strongarm is op wilde lusern. Selfs wandelende Jood, 'n moeilike onkruid om te bekamp, is ná ons groot reën in Desember nog uitstekend beheer. Waar nie gespuit is nie, was die grondbone toegegroei onder onkruid. Ons het ook gevind die beheer van uintjies, 'n halsstarrige onkruid, is baie goed."

Mnr Wim Nel van Palmietfontein, Bothaville, is ook baie in sy skik met Strongarm. Hy sê sy grondboonlande was nog nooit so skoon van wilde lusern nie. Een strook land is as kontrole nie gespuit nie en daar floreer die onkruid.

Mnr George Steyn, van die plaas Humanskraal naby Ottosdal, is 'n groot produsent. Sy pa, Boet, was aktief in georganiseerde landbou en 'n baanbreker met deklaagbewerking in 1977/1978. George doen steeds net tand- en stoppelbewerking.

"Onkruidbeheer met Strongarm is baie goed. Ek het een keer gespuit en die lande is silwerskoon. Ek dink nie 'n mens kan meer sê soja is 'n pieperige gewas, mits lande onkruidvry is nie. Ons grootste vyand is wandelende Jood. Ander onkruiddoders maak hom nie dood nie, maar wel die ander onkruid. Dan floreer die Jood, want dan dit is net hy en die gewas wat die vog en kunsmis gebruik," sê Steyn.

"Strongarm is 'n wenproduk. Die produsent wen by die oes," sê mnr Theunis van der Westhuizen, van Groenkraalfontein, Middelburg (Mpumalanga) – 'n produsent met baie ander ysters in die vuur.

"Een van my groot probleme is wildestokroos (*Hibiscus cannabinus*) en daar is nie ander onkruiddoders wat stokroos by sojabone goed beheer nie. Beheer van stokroos met Strongarm is dus 'n bonus en dit word nie eens op die onkruiddoder se etiket aangedui nie. Daar is ander moeilike onkruid, soos wandelende Jood en kankerroos ook op my lande, maar hulle is deeglik met Strongarm beheer as jy kyk na waar die spuit gemis het," sê hy.

"Dit was 'n moeilike jaar, maar Strongarm het uitstekend gewerk. Dit bespaar ook op addisionele glifosaatbespuitings," sê hy. ■

1 en 2: Chris Joubert van Laeveld Agrochem (links) saam met Wim Nel van Palmietfontein, Bothaville, in sy grondboonland. Links, waar die spuit gemis het, groei wilde lusern welig; andersins is geen onkruid te sien nie.
3: Johan Bothma van Dow AgroSciences (links) en Danie du Plessis van Laeveld Agrochem (middel) saam met Zakkie Steyn van Bothaville. Steyn voer keurgraadgrondbone met die handelsmerk Peanut Bear uit vir die peuselmark in Amerika en het 'n verpakkingsaanleg op sy plaas.
4: Japie Grobler van Karookom, Bothaville, is 'n tevrede produsent nadat hy Strongarm gespuit het. "Dit werk beslis," sê hy. Op die foto staan sy seun, Philip (links) en Johan Bothma van Dow AgroSciences in 'n grondboonland.